No 13 - 2023] FIFTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 15 JUNE 2023

**HOUSE: 14:15**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**MOTIONS**

**SUBJECT FOR DISCUSSION**

Mr I Sileku: The recently released 2021/22 Auditor-General Municipal Audit Outcomes Report and the Western Cape's record of good governance on local-government level.

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION *(15 June 2023)***

1. Ms A P Bans: That the House debates the increasing gun-related killings in Cape Town townships.

2. Ms N G Bakubaku-Vos: That the House debates the number of unregistered early childhood development sites that outnumber official facilities in Western Cape.

3. Ms R Windvogel: That the House debates the incident of 100 addicts who escaped from a Cape Town rehabilitation centre.

4. Ms A P Bans: That the House debates the increase in smash-and-grab incidents in Elsies River, Cape Town.

**NOTICES OF MOTION *(8 June 2023)***

1. Mr T M Klaas: That the House notes the proposed Western Cape People's Bill by the Freedom Front Plus to the Western Cape Provincial Parliament; further note that the Bill is nothing but a desperate, hopeless and unconstitutional piece of waste intending to usurp power using white minorities; and concludes that this Bill, together with the Western Cape

Powers Bill is a desperate attempt by the DA and FF+ to please white voters and to make them excited ahead of the 2024 general elections.

2. Mr C Fry: That the House notes the comments in the recently released 2021/22 Auditor-General Municipal Audit Outcomes Report that once again lauds the Western Cape and its executive's firm leadership and strong control in creating a stable local-government environment; further notes that the report states that the AG's "interaction with the [Premier] was positive, as his focus was on the communities' experience in relation to service delivery, which validated [the AG's] service delivery insights on key projects and additional consideration of selected clean audits for the current year"; further notes that "[this] year, [the AG] observed that most of the municipal managers and their senior management maintained this tone and continued to implement and maintain good controls through well-capacitated and competent staff"; commends Premier Alan Winde, Minister Anton Bredell, the Western Cape Department of Local Government and the municipalities across the province for achieving a remarkable 21 clean and unqualified audits; notes that these results follow the release of the Ratings Afrika 2022 Municipal Financial Sustainability Index that confirmed that the top five best-run municipalities in the country are DA-run, and these include Saldanha Bay, George, Mossel Bay and Swartland, with Cape Town once again emerging as the best-run metropolitan municipality in the entire nation; and recognises that these outcomes across the board highlights that where the DA governs it governs well!

3. Mr G Bosman: That the House recognise World Bicycle Day held on 3 June and commends the Western Cape Government's Department of Mobility and Minister Ricardo Mackenzie handing over bicycles to neighbourhood watches and the Langa Bicycle Hub as part of the Langa 100-year celebrations; and further recognises the Department of Mobility and Minister Mackenzie for their learners' programme in rural communities that enables young people and communities from small towns, such as Ceres and Vredendal, to become up-skilled and employable.

4. Ms R Windvogel: That the House notes and commends the Treatment Action Campaign for a successful campaign in which it advocated for improved security in healthcare facilities in the province, which prompted the City of Cape Town to launch the new facility-protection officers law enforcement unit in which 280 officers will be deployed at facilities to protect them from extortion, theft and vandalism; further notes that while the ANC welcomes this development, it is concerned that once more such services are reserved only for the metropolitan area; and calls on the Premier to allocate more resources to expand the programme beyond the metropolitan area and to include other government services, such as schools and social development.

5. Ms A P Bans: That the House notes that Cape Town and the Western Cape have become a hideout for international fugitives running away from justice; notes that this follows the arrests of Namibian Fishrot self-confessed paymaster, Marén de Klerk, in Paarl; the arrest of Rwandan genocide suspect Florence Kayishema; the killing of Bulgarian Nikolaev Kamenov in Constantia; and the arrest last year of Israel's most wanted fugitive, Yaniv Ben Simon, among others; further notes remarks made by forensic consultant Paul O'Sullivan who described the Western Cape in this context as "being particularly attractive, as most of the year the city was swamped with tourists, so the foreign fugitives from justice can hide in plain sight"; and calls on the Minister of Community Safety to start doing his job and work with communities to out these international criminals walking and living among us.

6. Mr M Kama: That the House notes the ongoing conflict instigated and perpetuated by the Democratic Alliance at the Stellenbosch University that causes deep instability in the management of that institution; calls on the Freedom Front Plus to intervene in the situation and defend the current Vice-Chancellor, Prof Wim de Villiers, from this onslaught by the DA; and calls on the leadership of the Freedom Front Plus to stop allowing its only MPP in the WCPP to be DA Lite by actually being an opposition party and not a coalition partner or it will cost Freedom Front Plus at the polls.

7. Mr P Marran: That the House notes the unsanitary and unsafe bucket systems still being used by people who live in Western Cape townships and informal settlements; notes that the DA government has no immediate plan to eradicate this system; notes that, when asked about the sanitation backlog and eliminating the bucket system, Minister Simmers responded with a plan that will only be completed in 2030; notes that various communities have expressed that these toilets are unsafe and children could fall into the toilet holes and die, but these concerns have fallen on deaf ears; and call on Minister Simmers to speed up the eradication of the sanitation backlog and to prioritise safe and sanitary toilets for our people.

8. Ms P Z Lekker: That the House notes the lack of a clear and implementable winter-readiness programme by the Western Cape DA-led government; calls for a clear plan to be implemented as a matter of urgency; notes that the provincial government mentioned that there are disaster relief teams who will assist vulnerable communities, yet NGOs had to step in at the Gangxa Informal Settlement in Gugulethu due to flooding and government's absence; notes that it did not even take the government two days to assist residents of the affluent Pringle Bay and Betty's Bay; and notes that the DA government pledged R2 million for homeless people during this winter, but we walk every day in the rain and see how people are still in the streets and have to live in those conditions.

9. Mr M K Sayed: That the House notes with sadness the tragic death of an eight-month-old baby at an unregistered ECD centre in Bonteheuwel, Cape Town; notes that the ECD is not on the list verified by the provincial government; notes that the ANC has made numerous calls for the WCED to support struggling ECDs to be compliant, yet these calls have been ignored; and calls again on Minister Maynier to ensure that his Department works closely with existing ECDs and to support NGOs to capacitate our ECDs in poor communities to be compliant and to serve our children in the safest of conditions.

10. Mr C M Dugmore: That the House notes the criminal complaint laid against DA Hessequa Mayor Grant Riddles at the Still Bay Police Station along with a dossier of evidence, including audio recordings where the mayor is clearly audible and telling housing beneficiaries to lie about their income in order to qualify for housing subsidies, allegations about massive corruption in the traffic department currently under investigation by the Hawks, an internal municipal hearing that found a senior official in the council guilty of fraud and theft of prepaid electricity, as well as allegations of conflict of interest against the CFO and a company to whom work was awarded by the municipality; and calls on the DA to immediately suspend Mayor Riddles and for Minister Bredell to conduct a full forensic audit into the Hessequa Municipality.

11. Mr M K Sayed: That the House notes with grave concern that increasing numbers of learners who applied correctly and timeously are being rejected by the former Model C schools in the Western Cape as the SGBs with the full backing of the WCED are hellbent on keeping these schools white; further notes that Ms Namhla Manjezi, whose case I raised with the WCED officials, still finds herself in the same predicament as last year as her relative continues to be rejected by schools near her home, such as the Sunningdale Primary School near Parklands, and others who use frivolous excuses to keep the child out; notes that Ms Manjezi is told that the child is underage for Grade 5 while her results are excellent; further notes that Ms Nawaal Jattiem who applied timeously and correctly for a child at six different schools, namely Gardens Commercial High School, Claremont High School, Camps Bay High School, Oude Molen Technical High School and Cape Town High School, has had her child rejected by all; and further notes this is the same experience of Ms Ngeyi whose child was rejected by all the schools she applied to, including Queens Park High School and Sea Point High School, despite applying on time and submitting all the required documents; and welcomes the fact that these cases help to dispel the myth and deliberate untruth that the crisis of unplaced learners in the province is caused by late applications and learners arriving from other provinces, especially the Eastern Cape.

*See also:* Mr F C Christians (p 4); Mr P J Marais (p 4); Ms L M Maseko (p 5); Mr M K Sayed (p 6); Mr C M Dugmore (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Mr M Kama (p 6); Ms A P Bans (p 6); Ms A P Bans (p 7); Mr M K Sayed (p 7); Ms N D Nkondlo (p 7); Ms N G Bakubaku-Vos (p 7); Mr M K Sayed (p 8); Ms D M Baartman (p 8); Mr T M Klaas (p 8); Mr C M Dugmore (p 11); Ms A Cassiem p 12; Mr T M Klaas (p 12); Ms A P Bans (p 12); Ms N D Nkondlo (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N G Bakubaku-Vos (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Mr F C Christians (p 14); Mr I M Sileku (p 14); Ms N G Bakubaku-Vos (p 15); Mr M K Sayed (p 15); Ms A P Bans (p 15); Mr M Kama (p 15); Mr C M Dugmore (p 16); Mr G Bosman (p 17); Mr F C Christians (p 17); Mr C M Dugmore (p 18); Ms D M Baartman (p 18); Mr T M Klaas (p 18); Ms A P Bans (p 18); Mr Brinkhuis (p 21); Ms A P Bans (p 21); Mr C M Dugmore (p 21); Mr M Kama (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Ms P Z Lekker (p 21); Mr F C Christians (p 21); Mr L L Mvimbi (p 21); Mr M K Sayed (p 21).

No 13 - 2023] VYFDE SESSIE, SESDE PARLEMENT

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 15 JUNIE 2023

**HUIS: 14:15**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**VOORSTELLE**

**ONDERWERP VIR BESPREKING**

Mnr I Sileku: Die Ouditeur-generaal se Verslag oor Munisipale Ouditiutkomste vir 2021/22 wat onlangs vrygestel is, en die Wes-Kaapse rekord van goeie bestuurstoesig op plaaslikeregeringsvlak.

---

**VERDERE WERKSAAMHEDE**

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE** ***(15 Junie 2023)***

1. Me A P Bans: Dat die Huis die toenemende vuurwapenverwante moorde in Kaapstadse informele nedersettings debatteer.

2. Me N G Bakubaku-Vos: Dat die Huis die getal ongeregistreerde vroeëkinderontwikkelingsterreine wat die amptelike fasiliteite in die Wes-Kaap oorskry, debatteer.

3. Me R Windvogel: Dat die Huis die voorval waartydens 100 verslaafdes by ŉ Kaapstadse rehabilitasiesentrum ontsnap het, debatteer.

4. Me A P Bans: Dat die Huis die toename in breek-en-gryp-voorvalle in Elsiesrivier, Kaapstad, debatteer.

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(8 Junie 2023)***

1. Mnr T M Klaas: Dat die Huis kennis neem van die voorgestelde Wes-Kaapse Volkswetsontwerp deur die Vryheidsfront Plus in die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement; verder kennis neem dat die Wetsontwerp niks anders is nie as ŉ desperate, hopelose en ongrondwetlike stuk gemors wat poog om mag deur wit minderhede te bekom; en tot die gevolgtrekking kom dat hierdie Wetsontwerp, tesame met die Wes-Kaapse Bevoegdhedewetsontwerp, ŉ desperate poging van die DA en VF+ is om wit kiesers tevrede te stel en opgewonde te maak voor die algemene verkiesing in 2024.

5. Mnr C Fry: Dat die Huis neem kennis van die kommentaar in die onlangs vrygestelde Ouditeur-generaal se Verslag oor Munisipale Ouditutkomste vir 2021/22 wat weereens die Wes-Kaap en sy uitvoerende gesag se ferm leierskap en sterk beheer in die skep van ŉ stabiele plaaslikeregeringsomgewing aanprys; verder kennis neem dat die verslag meld dat die OG se "interaksie met die [Premier] positief was, aangesien sy fokus op die gemeenskappe se ervaring met betrekking tot dienslewering was, wat [die OG se] diensleweringsinsigte oor sleutelprojekte en bykomende oorweging van geselekteerde skoon oudits vir die huidige jaar bevestig het"; verder kennis neem dat "[vanjaar] [die OG] opgemerk het dat die meeste van die munisipale bestuurders en hul senior bestuur hierdie toon gehandhaaf het en voortgegaan het om goeie beheermaatreëls te implementeer en te handhaaf deur voldoende en bekwame personeel"; Premier Alan Winde, Minister Anton Bredell, die Wes-Kaapse Departement van Plaaslike Regering en die munisipaliteite in die provinsie aanprys vir die behaling van ŉ merkwaardige 21 skoon en ongekwalifiseerde oudits; kennis neem dat hierdie resultate volg op die vrystelling van die Ratings Afrika 2022 se Munisipale- finansiële volhoubaarheidsindeks wat bevestig het dat die vyf top-besbestuurde munisipaliteite in die land deur die DA-bestuur word, en dit sluit Saldanhabaai, George, Mosselbaai en Swartland in, met Kaapstad wat weereens aangewys is as die besbestuurde metropolitaanse munisipaliteit in die hele land; en erken dat hierdie algehele uitkomste beklemtoon dat waar die DA regeer, dit goed regeer!

6. Mnr G Bosman: Dat die Huis erkenning gee aan Wêreldfietsdag wat op 3 Junie gehou is en die Wes-Kaapse Regering se Departement van Mobiliteit en Minister Ricardo Mackenzie aanprys wat fietse aan buurtwagte en die Langa-fietskern oorhandig het as deel van Langa se 100-jaar-vieringe; en verder erkenning gee aan die Departement van Mobiliteit en Minister Mackenzie vir hul leerdersprogram in landelike gemeenskappe wat jongmense en gemeenskappe van klein dorpies, soos Ceres en Vredendal, in staat stel om hul vaardighede te verbeter en indiensneembaar te word.

7. Me R Windvogel: Dat die Huis kennis neem van en die Treatment Action Campaign aanprys vir ŉ suksesvolle veldtog waarin gepleit is vir verbeterde sekuriteit by gesondheidsorgfasiliteite in die provinsie, wat die Stad Kaapstad genoop het om die nuwe wetstoepassingseenheid vir fasiliteitbeskermingsbeamptes te begin waarmee 280 beamptes by fasiliteite ontplooi sal word om hulle teen afpersing, diefstal en vandalisme te beskerm; verder kennis neem dat, hoewel die ANC hierdie ontwikkeling verwelkom, dit bekommerd is dat sulke dienste weer net vir die metropolitaanse gebied gereserveer word; en ŉ beroep op die Premier doen om meer hulpbronne toe te wys om die program buite die metropolitaanse gebied uit te brei en om ander regeringsdienste, soos skole en maatskaplike ontwikkeling, in te sluit.

8. Me A P Bans: Dat die Huis kennis neem dat Kaapstad en die Wes-Kaap ŉ skuilplek vir internasionale voortvlugtiges geword het wat die gereg ontduik; kennis neem dat dit volg op die inhegtenisneming van die selferkende Namibiese "Fishrot"-betaalmeester, Marén de Klerk, in die Paarl; die ingehtenisneming van die Rwandese volksmoordverdagte, Florence Kayishema; die moord op die Bulgaar Nikolaev Kamenov in Constantia; en die inhegtenisneming verlede jaar van Israel se mees gesoekte voortvlugtige, Yaniv Ben Simon, onder andere; verder kennis neem van opmerkings wat deur die forensiese konsultant Paul O'Sullivan gemaak is, wat die Wes-Kaap in hierdie konteks beskryf het as "besonder aantreklik, aangesien die stad die meeste van die jaar oorspoel word met toeriste, sodat die buitelandse vlugtelinge wat die gereg probeer ontduik, openlik hier kan skuil"; en ŉ beroep op die Minister van Gemeenskapsveiligheid doen om sy werk te begin doen en saam met gemeenskappe te werk om hierdie internasionale misdadigers wat tussen ons lewe en woon, aan die kaak te stel.

9. Mnr M Kama: Dat die Huis kennis neem van die voortslepende konflik wat deur die Demokratiese Alliansie by die Stellenbosch Universiteit aangehits en voortgesit word, wat grondige onstabiliteit in die bestuur van daardie instelling veroorsaak; ŉ beroep op die Vryheidsfront Plus doen om by die situasie in te gryp en die huidige Visekanselier, prof Wim de Villiers, teen hierdie aanslag deur die DA te verdedig; en ŉ beroep op die leierskap van die Vryheidsfront Plus doen om op te hou om sy enigste LPP in die WKPP toe te laat om "DA Lite" te wees deur werklik ŉ opposisieparty te wees en nie ŉ koalisievennoot nie, anders sal dit Vryheidsfront Plus by die stembus duur te staan kom.

10. Mnr P Marran: Dat die Huis kennis neem van die onhigiëniese en onveilige emmerstelsels wat steeds gebruik word deur mense wat in Wes-Kaapse townships en informele nedersettings woon; kennis neem dat die DA-regering geen onmiddellike plan het om hierdie stelsel tot ŉ einde te bring nie; kennis neem dat Minister Simmers, toe hy oor die sanitasie-agterstand en die uitskakeling van die emmerstelsel gevra is, gereageer het met ŉ plan wat eers in 2030 voltooi sal wees; kennis neem dat verskeie gemeenskappe aangedui het dat hierdie toilette onveilig is en dat kinders in die toiletgate kan val en sterf, maar hierdie kommer van op dowe ore; en ŉ beroep op Minister Simmers doen om die uitwissing van die sanitasie-agterstand te versnel en om veilige en sanitêre toilette vir ons mense te prioritiseer.

11. Me P Z Lekker: Dat die Huis kennis neem van die gebrek aan ŉ duidelike en implementeerbare wintergereedheidsprogram deur die Wes-Kaapse DA-geleide regering; ŉ beroep doen dat ŉ duidelike plan as ŉ saak van dringendheid geïmplementeer word; kennis neem dat die provinsiale regering genoem het dat daar ramphulpspanne is wat weerlose gemeenskappe sal bystaan, maar tog moes NRO's by die Gangxa- informele nedersetting in Gugulethu intree ná oorstromings en die regering se afwesigheid; kennis neem dat dit nie eens die regering twee dae geneem het om inwoners van die welvarende Pringlebaai en Bettysbaai by te staan nie; en kennis neem dat die DA-regering gedurende hierdie winter R2 miljoen vir hawelose mense belowe het, maar ons stap elke dag in die reën en sien hoe mense steeds op straat is en in daardie toestande moet leef.

12. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met hartseer kennis neem van die tragiese dood van ŉ agt maande oue baba by ŉ ongeregistreerde VKO-sentrum in Bonteheuwel, Kaapstad; kennis neem dat die VKO nie op die lys is wat deur die provinsiale regering geverifieer is nie; kennis neem dat die ANC talle beroepe op die WKOD gedoen het om sukkelende VKO's te ondersteun om aan die vereistes te voldoen, maar hierdie beroepe is geïgnoreer; en weer

ʼn beroep op Minister Maynier doen om te verseker dat sy Departement nou saamwerk met bestaande VKO's en NRO's ondersteun om ons VKO's in arm gemeenskappe in staat te stel om aan die vereistes te voldoen en om na ons kinders in die veiligste omstandighede om te sien.

13. Mnr C M Dugmore: Dat die Huis kennis neem van die strafregtelike klagte wat teen die DA se Hessequa-burgemeester, Grant Riddles, by die Stilbaai-polisiestasie gelê is, saam met ʼn dossier van bewyse, insluitende klankopnames waar die burgemeester duidelik hoorbaar is en behuisingsbegunstigdes aanraai om te lieg oor hul inkomste om vir behuisingsubsidies te kwalifiseer, bewerings oor massiewe korrupsie in die verkeersdepartement wat tans deur die Valke ondersoek word, ʼn interne munisipale verhoor wat ʼn senior amptenaar van die raad aan bedrog en diefstal van voorafbetaalde elektrisiteit skuldig bevind het, asook bewerings van ʼn botsing van belange teen die HFB en ʼn maatskappy aan wie werk deur die munisipaliteit toegeken is; en ʼn beroep op die DA doen om Burgemeester Riddles onmiddellik te skors en ʼn beroep op Minister Bredell doen om ʼn volledige forensiese oudit in die Hessequa-munisipaliteit uit te voer.

14. Mnr M K Sayed: Dat die Huis met ernstige kommer kennis neem dat toenemende getalle leerders wat korrek en betyds aansoek gedoen het, deur die voormalige Model C-skole in die Wes-Kaap afgekeur word, aangesien die SBL's, met die volle steun van die WKOD, daarop ingestel is om hierdie skole wit te hou; verder kennis neem dat me Namhla Manjezi, wie se saak ek met die WKOD-amptenare bespreek het, haar steeds in dieselfde penarie as verlede jaar bevind, aangesien haar familielid steeds deur skole naby haar huis, soos die Sunningdale Primary School naby Parklands, en ander afgekeur is, wat ligsinnige verskonings gebruik om die kind uit te sluit; kennis neem dat me Manjezi meegedeel word dat die kind te jonk vir graad 5 is terwyl haar uitslae uitstekend is; verder kennis neem dat me Nawaal Jattiem wat betyds en korrek vir ʼn kind by ses verskillende skole, naamlik die Gardens Commercial High School, die Claremont High School, die Camps Bay High School, die Oude Molen Technical High School en die Cape Town High School, aansoek gedoen het, se kind deur almal afgekeur is; en verder kennis neem dat me Ngeyi dieselfde ondervinding gehad het nadat haar kind deur al die skole waar sy aansoek gedoen het, insluitend die Queens Park High School en die Sea Poing High School, afgekeur is, ten spyte daarvan dat sy betyds aansoek gedoen het en al die vereiste dokumente ingedien het; en die feit verwelkom dat hierdie gevalle help om die mite en doelbewuste onwaarheid uit die weg te ruim dat die krisis van ongeplaasde leerders in die provinsie veroorsaak word deur laat aansoeke en leerders wat van ander provinsies, veral die Oos-Kaap, kom.

*Kyk ook:* Mnr F C Christians (bl 4); mnr P J Marais (bl 4); me L M Maseko (bl 5); mnr M K Sayed (bl 6); mnr C M Dugmore (bl 6); me R Windvogel (bl 6); mnr M Kama (bl 6); me A P Bans (bl 6); me A P Bans (bl 7); mnr M K Sayed (bl 7); me N D Nkondlo (bl 7); me N G Bakubaku-Vos (bl 7); mnr M K Sayed (bl 8); me D M Baartman (bl 8); mnr T M Klaas (bl 8); mnr C M Dugmore (bl 11); me A Cassiem (bl 12); mnr T M Klaas (bl 12); me A P Bans (bl 12); me N D Nkondlo (bl 12); me A P Bans (bl 13); me N G Bakubaku-Vos (bl 13); me R Windvogel (bl 13); mnr F C Christians (bl 14); mnr I M Sileku (bl 14); me N G Bakubaku-Vos (bl 15); mnr M K Sayed (bl 15); me A P Bans (bl 15); mnr M Kama (bl 15); mnr C M Dugmore (bl 16); mnr G Bosman (bl 17); mnr F C Christians (bl 17); mnr C M Dugmore (bl 18); me D M Baartman (bl 18); mnr T M Klaas (bl 18); me A P Bans (bl 18); mnr Brinkhuis (bl 21); me A P Bans (bl 21); mnr C M Dugmore (bl 21); mnr M Kama (bl 6); me R Windvogel (bl 6); me P Z Lekker (bl 21); mnr F C Christians (bl 21); mnr L L Mvimbi (bl 21); mnr M K Sayed (bl 21).